NGK SINODE GOUDLAND

GOUDPOS

NUUSBRIEF NR 16-2017 • WWW.GOUDLAND.ORG.ZA

NUUS VAN ONS SINODE

Ons 'back track' projek vir gemeentes saam met Bybel Media

Ons projek vorder fluks en ons sal waarskynlik hierdie kwartaal al met van die opnames begin.

INTERESSANTE ARTIKELS

Jürgen Moltmann oor 'n teologie van vreugde

Prof Jürgen Moltmann, bejaarde en gevierde Duitse teoloog, was onlangs op besoek aan Suid-Afrika. Hy het gehore diep geraak met sy klem op 'n teologie van vreugde. Volgens die Bybel is die deurbraak van God se regering vergesel van vreugde, iets waaraan ons dikwels 'n tekort het.

Hier is 'n skakel na die teks van sy voordrag.

Kyk na 'n Youtube-gesprek tussen Moltmann en Miroslav Volf, nog 'n gevierde sistematiese teoloog, oor 'n teologie van hoop. (met dank aan Grenspos)

Yes, a (brilliant) scientist can believe in the resurrection



Yes a scientist can believe in the resurrection. Science trades in motivated belief, there are reasons for the positions taken and the theories accepted. But theology also trades in motivated belief.

In his book *Theology in the Context of Science* John Polkinghorne presents a short summary of his motivation for Christian belief. Dr. Polkinghorne was a very successful scientist, Professor of Mathematical Physics at Cambridge University, before he resigned to study for the priesthood. He knows what it means to think as a scientist and as a Christian. Read further. (met dank aan Grenspos)

REFORMASIE 500

Bronne om Reformasie 500 te vier

Vanjaar gedenk gemeentes die 500-jarige bestaan van die Reformasie. Martin Luther se 95 stellings teen die kerkdeur van die kasteelkerk in Wittenberg word as die begin van die kerkreformasie gesien. Dit het die gang van Europa en die Weste se geskiedenis ingrypend verander. Bronne vir gebruik deur gemeentes om die Reformasie vanjaar te vier, is te vind op die volgende webblad: http://refo500.christians.co.za/

'Grace Alone' 500 Years Later : A Catholic perspective.

Bishop Robert Barron writes: I have long been sympathetic with Father Yves Congar's famous remark that if figures on both sides of the Reformation divide had been a bit more open-minded and open-hearted, there might be a Lutheran order in the Catholic Church today, just as there are Dominicans, Franciscans, Benedictines, and, indeed, Augustinians, the religious family to which Martin Luther himself initially belonged.

Implicit in Congar's observation is the conviction that there was something altogether right and important in some of the Reformer's moves and that the church catholic would have benefitted from incorporating them into its own life. Implicit too is Congar's sense that, sadly, things got out of hand: exaggerations, over-reactions, impugning of motives, awkward formulations, etc. on both sides. The result was that a reform movement within the church gave rise to a divided church. Read further. (met dank aan Grenspos)

"Geen ander evangelie": 500 jaar van Hervorming

Dr Chris van Wyk skryf: Ek het die internasionale konferensie "Geen Ander Evangelie" ter viering van die 500ste herdenking van die Protestantse Hervorming in Indianapolis Indiana bygewoon vroeg in April 2017. Ses van die bydraes het gefokus op die evangelie van genade uit die geïnspireerde brief van Paulus aan die Galasiërs. Nog drie van die bydraes het gefokus op God se werk in die lewens van Luther, Johannes Calvyn en ander leiers in die breër Gereformeerde tradisie. Die res van die konferensie het in werkswinkels gefokus op in-diepte gesprekke oor ander hervorming kwessies soos waarom die Hervormers nie verenig het in een kerk nie en waar hulle missionale nalatenskap vandag voortgaan.

Ek lig twee van die bydraes uit:

- Kevin deYoung se bydrae: *"Reexamining Perspicuity: If the Bible Is So Clear, Why Are There So Many Different Interpretations?"* het my besonder baie getref. Lees my opsomming hier: http://wp.me/pZl58-2gK. Daar is ook 'n skakel na die volle bydrae.
- Thabiti Anyabwile se bydrae oor Galasiërs 5 het die volgende titel gehad: *"Gospel Freedom, Gospel Fruit".* Hy het op 'n baie praktiese wyse uitgespel hoe die Christelike vryheid werk. Ek gee 'n kort opsomming daarvan. Daar is ook 'n skakel na die volle bydrae.

Die bydraes kan almal by hierdie skakel bereik word. (met dank aan Grenspos)

ANDER NUUSBROKKIES

Pinkster-temas beskikbaar: Christus het ons vrygemaak...

In aansluiting by die NG Kerkfamilie se viering van Reformasie 500 in 2017 saam met Protestantse gelowiges oor die wêreld heen, dink ons met vanjaar se Pinksterreeks as kerkfamilie saam oor die sentrale boodskap van die sestiende-eeuse Kerkhervorming of Reformasie, naamlik dat Christus ons uit genade van sonde en skuld vrygemaak het.

2017 se Pinksterreeks sluit aan by twaalf temas wat die Reformasie 500 Taakspan (NG Kerkfamilie) geïdentifiseer het as temas vir pamflette wat maandeliks in 2017 deur die Christelike Lektuurfonds uitgegee word. Die reeks bou op die implikasies wat Christus se vrymaking vir mens en natuur het. Daarom maak temas soos hoop, lewe, belydenis, omgee, priesterskap, sorg vir die skepping en die sing van 'n nuwe lied alles deel uit van hierdie Pinksterriglyne. Vanuit die oorhoofse tema "Christus het ons vrygemaak ..." vloei die ander temas voort om die kinders van die Kerkhervorming in Pinkstertyd te help nadink oor wat ons tradisie van Christus raakgesien en oorgelewer het.

Die Pinksterreeks kan afgelaai word vanaf Christelike Lektuurfonds se webtuiste by www.clf.co.za onder "Downloads". Die reeks van 12 Refomasiepamflette kan ook maandeliks, óf in gedrukte vorm by CLF bestel word óf afgelaai word vanaf CLF se webtuiste. Dit is ook beskikbaar op die CLF toepassing (App) vir slimfone op Google Play / iStore.

Vir enige navrae , skakel 021 873 6964 of epos aan info@clf.co.za

Gratis Bybelskool oor Levitikus: Fokus op verhoudings

Chris van Wyk (NG Somerstrand) stuur weer inligting oor hulle bekende Bybelskool – 'n spesiale en gratis diens waarby enigeen kan inskakel."Die boek Levitikus word waarskynlik op die sinvolste manier ingetrek in die NT om die absolute oproep van die Here te begrond dat ons heilig moet lewe, omdat God heilig is. Lees saam met my dié boek deur in die volgende maand en oorweeg self die blywende impak van hierdie geïnspireerde boek. Skryf hier in om die bydraes per e-pos te ontvang. Die eerste vier bydraes is 12 April geplaas sodat jy dit rustig kan deurlees. Klik hier vir meer. (met dank aan VrydagNuus)

Gemeentes kan fondse aanlyn insamel

Willem Cecchi vertel meer oor 'n platform wat deur verskeie organisasies gebruik word: Ek werk vir GivenGain, 'n aanlyn fondsinsamelings platform wat Kerke en ander nie-wins organisasies in staat stel om donasies te ontvang in verskeie geldeenhede ongeag van waar hul geleë is. Ek het 'n kort diagram aangeheg van hoe ons te werk gaan.

Kerke kan registreer op ons webtuiste en dit vir lidmate moontlik maak om verskeie GivenGain projekte te loods en vir die kerk fondse in te samel.

Byvoorbeeld, Pieter skep 'n GivenGain projek waar hy 'n half-marathon voltooi en poog om vir die NG Kerk Tamboerskloof R2,000 in te samel. Hy deel die projek op sosiale media en spoor sy volgers aan om maklik donasies te maak aan die kerk deur ons platform te gebruik.

Met bediening begrotings onder druk, dink ek aanlyn fondsinsameling kan gemeentes ongelooflik baie baat indien die gemeentelede dit ter harte neem en optimaal benut.

Laat weet gerus indien u verder hieroor wil gesels.

Ek is ook op Whatsapp (+4478 499 20060) en Skype (willemcecchi) beskikbaar.

Vriendelike groete, Willem Cecchi - GivenGain (met dank aan Grenspos)

KURSUSSE EN SEMINARE

Skrifinterpretasie en Skrifgesag

Konferensies – aangebied deur Noordelike Sinode in samewerking met Excelsus. Sprekers: Andries Kritzinger, James Kirkpatrick en André van Niekerk

Die volgende byeenkoms: **27 Julie 2017** te Brits ... Teken solank die datum aan! Volledige inligting volg later. 6 VBO-punte word verdien! (met dank aan Verskil)

BYBEL MEDIA

Lees in die Kerkbode van 21 April ...

KERKBODE

Vandag se kerkkoerant vir vandag se kerkmense

21 April 2017 BM Deel 198 – Nummer 5

Bendeleier verruil tronk vir kerkraad

Van 'n oud-bendeleier wat tot bekering gekom het en nou nie net op die kerkraad van NG gemeente Drakenstein in die Paarl dien nie, maar ook armes, siekes en gevangenes in sy gemeenskap dien.

Kerkbode vertel ook van hoe NG lidmate regoor Suid-Afrika op die naweek van 22 April saam met ander Christene vir Suid-Afrika gaan bid.

In Worcester is 'n dowe proponent wat as kind in die Langkloof geglo het sy is die enigste Dowe in die wêreld. Later het sy geglo sy sal nooit 'n dominee kan word nie as gevolg van haar gestremdheid. Vandag raak sy daagliks die harte van dowe kinders aan nadat sy teologiese opleiding by Deaf Christian Ministry Africa (DCMA) ontvang het.

By die jaarlikse Natalse predikantekonferensie het konferen-

siegangers by twee sprekers gehoor van uiteenlopende maniere om die Bybel te hanteer. Die agtergrond was die diep verdeeldheid in die kerk oor verhoudinge tussen mense van dieselfde geslag.

Kry ook nuus van #imagine, die Andrew Murraypryse en die bekendstelling van 'n boek wat die verhale van byna vergete sendelinge vertel.

In LiG se Mei-uitgawe raak ons stil ...

- Marié Britz vertel van haar 30 dae van stilte, en wat sy van God geleer het.
- LiG kuier by 'n dowe prediker wat die evangelie in gebaretaal verkondig. En ons leer hoedat stilte ook gebed is.
- Die bekroonde sangeres, Leah, vertel in hierdie uitgawe hoe sy haar geloof lééf.
- Lees ook hoe jy jou kind kan leer ontspan, hoe jy stilstuipe in jou huwelik kan stuit en hoe om die seën wat jy ontvang het, aan te gee.

Inligting, Navrae en Diensverskaffing:

- Skakel 0860 26 33 42 óf 021 864 8210
- Of stuur jou bestelling per e-pos na: bestel@bmedia.co.za
- Of koop met jou kredietkaart op die webtuiste: www.bybelmedia.org.za , klik dan op winkel, óf tik die produknaam in.

e-Kerkbode

Neels Jackson, redakteur van Die Kerkbode, hou ons gereeld op hoogte van die jongste nuus in ons kerk in die e-Kerkbode. Klik op die skakel om al hierdie berigte te lees by: http://kerkbode.christians.co.za/. Dis 'n gratis nuusdiens.

Protes

In Kerkbode spreek Nelis Janse van Rensburg, voorsitter van die Algemene Sinode Moderamen, die vraag hoe Christene protes kan aanteken, aan. Hy noem opsies soos die stembus, die parlement se openbare debat, die openbare media, petisies en optogte as teken van verset, sowel as Artikel 9-instelling en burgerregtelike organisasies met die geleentheid om ordelik protes aan te teken. Hy onderstreep dat ons dit met behoud van ons Christelike waardigheid – en ons ware kleure as mense wat Paasfees gevier het – moet doen. Lees e-Kerkbode se artikel hier.

AFLOSPREDIKANTE

- Hennie le Roux: Preekbeurte – sel: 082 374 2208, tel: (011) 660-7652, epos: hennieleroux@yebo.co.za – Wesrand
- Zachie le Roux: Brugpredikant en preekbeurte – sel: 083 799 5911, epos: zachie.leroux@gmail.com – Randburg
- Dr Meyer de Kock: Termyn-aflos 4-6 weke op platteland – sel: 082 459 6707, epos: gelmi@absamail.co.za – Odendaalsrus
- Fanus Kloppers: Aflos, preekbeurte – tel 062 162 6142 of sel: 016 454 0295 - Vereeniging
- Dr Henk Gous: Preekbeurte – sel: 083 267 0108 - epos: henkgous@mweb.co.za
- Hennie Lombard: Beskikbaar vir optredes op die Wes Rand of selfs verder – tel: 011 672 4610 of 072 231 7626, epos: hennielombard@telkomsa.net
- Terence Cooke: Preekbeurte – sel: 0827759570, epos: cookie@telkomsa.net - Potchefstroom.
- Matthys Steyn: Preekbeurte en aflos – epos: grootthys@gmail.com, sel: 0824595139 - Wesrand
- Swannie Swanevelder: Poppekas-bediening - van voorskool tot hoërskool - sel: 072 187 0259 - Wesrand
- Andries Grobler: Brugbediening, kort en langer aflostermyne, preekbeurte - sel 081 341 0659 of 011 954 2357, epos: andries.grobler@gmail.com - Wesrand
- Johan Ainslie: Aflos, preekbeurte - sel: 083 310 9268 - Wesrand

Laat weet asseblief as jy beskikbaar is as aflospredikant, asook vir preekbeurte, of as jy van 'n proponent of emeritus-predikant in die gemeente weet wat beskikbaar is vir preekbeurte of aflos. Stuur assebblief kontakbesonderhede aan ds.noel@ngkgoudland.org.za

INTEKEN/KANSELLEER

- Ek wil asb inteken op GOUDPOS
- Kanselleer my intekening op GOUDPOS